Noordelike Sinode

TAAKSPAN TEOLOGIESE OPLEIDING 1&2&3
Verslag

1. Opdrag

Om gereelde terugvoer aan die SDR te gee oor die stand van sake rakende Teologiese opleiding by UP, sowel as oor sake wat op die terrein van die Algemene Kuratorium lê.

2. Taakspan

Taakspanleier:
Aanvanklik het Kobus Myburgh die leiding geneem. Na sy aftrede het Arno Meiring die leiding oorgeneem.

Taakspanlede:
Die taakspan het bestaan uit die primarii en sekundi lede van die kuratorium, nl. Tinus Benade (p), Hannes Bezuidenhout (p), Arno Meiring(s), Nelius Steyn (s), Bernice Serfontein (s). Totdat Nadine van Eeden ‘n beroep na die Oostelike Sinode toe aanvaar het, was sy ook deel van hierdie span.

Die taakspan se opdrag is elke jaar herhaal. Daar was dus in wese drie taakspanne: Taakspan Teologiese Opleiding 1 (2023/24), Taakspan Teologiese Opleiding 2 (2024/25) en Taakspan Teologiese Opleiding 3 (2025/26).

3. Uitvoering van die opdrag

- Die dosente van die Teologiese Fakulteit by UP het elke jaar die Junie/Julie-vergadering van die SDR bygewoon. By die geleentheid is daar toeligting gegee, vrae gevra en ook saam middagete geëet.
- Die vier verteenwoordigers op die kuratorium is mense wat almal teologies goed onderlê is en lewer dus belangrike insette in die besluitneming by die kuratorium. Die kuratorium is die kerklike liggaam wat toesig hou oor die teologiese opleiding.
- Een van die vier verteenwoordigers is uit die noordelike deel van ons sinodale streek, een uit die weste en twee uit die stad.

Sien Aanhangsel A en Aanhangsel B

4. Slotwoord

Die Taakspan Teologie speel ‘n uiters belangrike rol in die groter werksaamhede van die kerk. Die kerk kan nie sy roeping uitleef sonder goeie opleiding nie.

Die ontwikkeling van verskillende bane in die teologiese opleiding, nl. predikante wat die sesjaar opleiding voltooi het en dus oor volle bevoegdheid beskik, diensleraars met beperkte bevoegdheid, asook bedienaars wiese bevoegdheid nog meer beperk is, is steeds aan die ontwikkel en daarom kan die verteenwoordigers op die kuratorium se rol nooit gering geskat word nie.